AREA 11 - SAMEVATTING VAN VOORSITTERSVERSLAE

VVLU se tema vir die jaar: Droom dit, glo dit en doen dit! Word weerspieel in vele van die demonstrasies en praatjies wat in die takke gehou is. Enkele algemene vergaderings is gehou voor die inperkingstydperk. Daarna is daar planne gemaak om die inperking te omseil.

Jacobsdaltak se bestuur besluit om met elektroniese vergaderings volgens die voorgestelde vergaderingprosedures maandeliks voort te gaan.

Gasvroue van die maand het ‘n tafel gedek en ‘n foto gestuur om almal tuis te laat voel. Opening en verwelkoming is deur die sameroepster per stemboodskap gedoen. Die agenda is bespreek deur die voorsitter met geleentheid vir kommentaar deur lede – alles per stem of getikte boodskap per whatsapp.

Elke maand se tema is dan deur n gasspreker aangebied wat per stemboodskap, fotos of video versprei is. Na afsluiting het die lede dan kans om hul kompetisie items op te laai, en verdien dan ‘n deelname punt van 65. Daar was baie meer deelnemers as gewoonlik aan hierdie maandkompetisies.

JARS OF HOPE

BARMHARTIGHEIDSBETROKKENHEID

Jacobsdal ondersteun die Winter Sopkombuis wat deur die NG Kerk geloods is, te ondersteun. Enige gesin wat in kosnood was is hierdeur gehelp, en ons lede het mildelik bygedra tot die koskas. Janè Badenhorst, ‘n lid van die tak, is hier besig om “Jars of Hope” te vul vir verspreiding.

Share a Jar of Hope: Bultfontein versprei dit onder plaaslike gemeenskap en Janè Badenhorst van Jacobsdal bied ‘n WhatsApp-demonstrasie aan hoe om so ‘n bottel te pak en moedig lede aan om haar te volg in die verspreiding daarvang.

AKTUELE SAKE

Die kombersieprojek is ondersteun deur self te hekel, brei en masjienwerk te doen, en ook deur kombersies wat deur die gestremde kinders by Jakkies Opwaartsentrum gemaak word te koop vir die projek. Petrusburg brei blokkies om kombersies vir die konbersprojek te maak. Al die takke onderneem om aan die projek aandag te skenk.

Tierpoortak se lede verneem hoe om hulself en hul omgewing beter te beveilig en neem die raad van twee manne van Burgerlike Beskerming ter harte. ‘n Goeie ondersteuningsnetwerk is noodsaaklik – ken jou bure en jou vriende!

Kweek van spekboompies**.** Baie dames het op hul eie dit gedoen. Bultfontein het besluit om dit as geskenke uit te deel.

Maskers: Baie maskers is op versoek van ons President gemaak. Dit is op verskeie plekke uitgedeel of self gebruik. Dit was ook ‘n bron van inkomste vir van ons lede. Baie besighede het by die lede maskers bestel.

KREATIWITEIT

Petrusburgtak het ‘n baie kreatiewe Gendelpos saamgestel in die vorm van ‘n inspirerende koerant wat per e-pos aan die lede gestuur is. Aan sommige lede is ‘n harde kopie uitgedeel. Daar is veral inligting rakende die bestuur en hul gesinne met foto’s deurgegee en ‘n fotokompetisie is so gereël.

Mev. Agnes Oertel reël ‘n Verbyryvergadering in die voorsitter se tuin waar lede elkeen ‘n verrassingspakkie ontvang het en Boervrou Bokse kon afgegee word. Elke dame ontvang ook ‘n leë blikkie met items om die blikke te versier daarin. Die blikkies moes deur die maand versier word vir ‘n welwillendheidsprojek later die jaar.

Tierpoortak decoupage houtkissies wat as geskenk saamgeneem kon word.

Tegniek van mosaiek is tydens elektroniese vergadering vir Jacobsdaltak se lede gedemonstreer, en lede het die geleentheid gehad om meer oor ruitmosaiek te leer of om hul teëltjies self te maak. Die bestuurspan het ‘n Vers en Klank aanbieding met voorlesings en musiek gedoen en ‘n geskenkboks met lekkernye is by elke lid afgelaai om te geniet saam met die aanbieding.

Fichardtpark het geen vergaderings in die inperkingstyd gehou nie. In Oktober het hulle in ‘n tuin vergader en ‘n pragtige uitstalling gehou van al die artikels wat deur die lede in die tyd gemaak is.

PAK JOU TAS

Charon Streit, sielkundige van Kimberley het vir Jacobsdaltak ‘n denkbeeldige tas gepak.. Die tsunamis van die lewe wat die wereld onder ons kom uitruk, het ons nie beheer oor nie. Corona virus het so ‘n tsunami in ons werelde kom veroorsaak, die ondenkbare, wat mens skielik binne in jou eie huis vasgehou het. Die negatiwiteit hiervan dwing ons om te kyk hoe ons onsself kan herprogrammeer. Hoe lyk die tas van jou lewe, wat jy eendag na Corona, gaan pak? Wat is jou rol in jou verhoudings, wat gaan jy anders doen?

‘n Interessante virtuele vergadering is deur Tierpoort se voorsitter aangebied, iets heel anders! Lede toer saam deur Japan en leer van hul kultuur, eetgewoontes, sosiale gewoontes en kleredrag. .

Me. Agnes Oertel, ‘n lid van Petrusburgtak wen die ATKV-prys vir Area 11. Met die Pak jou Tasvergadering kon sy begin beplan aan die tasse wat sy en haar familie gaan pak om die prys behoorlik te geniet. Baie geluk, Agnes. Me. Sonia Jacobs lig ‘n toer na Spanje waar haar skoondogter se mense woon met ‘n “Powerpoint”-aanbieding baie interessant toe. Heerlike Spaanse Paella, Spanish omelette “tortillas de patatas”, Roscon de Reyes”, of te wel Spaanse kerskoek en Churros word voorgesit.

WELWILLENDHEID / GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

Erna Liebenberg, onderwysadviseur by Inklusiewe Onderwys gesels oor leerder-ondersteuning as ‘n vorm van welwillendheid. Betrokkenheid waar daar ‘n behoefte is van leerders maak ‘n enorme verskil in ‘n kind se lewe. Sien ‘n kind raak!! ‘n Video oor Jakkies Opwaartsentrum is ook vertoon.

Mnr. Charles van Tonder van die Parkeraad van Mangaung Metroraad doen ‘n beroep op lede om parke in Bloemfontein aan te neem en te versorg. Hy wys op die vernietigende pad wat die snotkewer in hul omgewing loop, asook oor tuinbou in hul streek.

Tierpoort se 16 lede het 42 Boervroubokse gepak en uitgedeel en baie positiewe terugvoering is ontvang. Die dankbaarheid van een man wat laat weet hy is so bly sy vrou ruik nie meer na groen Sunlightseep nie, raak aan ons harte!

Petrusburg reik uit na Engo Ons Woning en voorsien die ingeperkte inwoners van heerlike eetgoedjies en ‘n deftige tee. Pryse vir speletjies soos Bingo is ook uitgedeel. Daar is ook betrokke geraak by die breër gemeenskap se behoeftes. Kospakkies en gesigsmaskers is gemaak en uitgedeel . Die versierde blikkies is met soet springmielies gevul en vir JAHWEH, die skooltjie vir gestremde se leerders uitgedeel.

Boervroubokse. Is gepak, Petrusburg stuur ‘n hele paar bokse na Britstown.

Bokse vir Brandgeteisterde gebiede**:** Jacobsdal ondersteun Hertzogville met bokse na die groot brande wat daar was. Bultfontein span saam met die Boertjiefeesorganiseerders en besoek verskeie dorpe en omgewings waar die brand woed. Soos Hertzogville reël hulle ook vir weiding, berading, vat hande en bid vir mekaar.

Bultfontein sorg weer vir eetgoed by Komweer, (seniorburgers).

VANDAG SE VROU

Me. Marieta Pienaar van Tierpoorttak sê: Wysheid is gelyk aan twee woorde, Geduld en Hoop! Vandag se vrou het dikwels meer emosionele spanning en daarom moet VLU-vroue bedag wees op mekaar se welstand.

Amanda Swanepoel, ‘n lewenskonsultant van BrightStar Lifestyle het gesels oor Vandag se Vrou wat heeltyd gedagtes moet aanpas om te verhoed dat negatiwiteit oorneem. Hoe dra jy jou masker en wat doen dit aan jou? Haar man, Hennie Swanepoel, is ‘n gerekende predikant en musiekant en het ons met sy musiek vermaak.

Petrusburgtak se sekretaresse, Janine van Jaarsveld, stig ‘n geselsgroepie”Lockdown 2020”. Daar klets die dames, deel resepte, lief-en-leed, kompetisies, kosdemo’s, vasvrae en vele meer met mekaar. Selfs die maak van lemoenrolletjiekonfyt word stap vir stap ge-WhatsApp!

INTERIEUR

Esmé Viljoen wys Jacobsdaltak hoe om ou meubels weer nuwe lewe te gee met ‘n praktiese elektroniese vergadering.

Petrusburgtak besoek Memory Fields Trouvenue waar mev. Petro Schoeman ruikers vir Kerstyd met tuinblomme demonstreer. Met ‘n wandeling deur die tuin kry die besoekers waardevolle raad oor tuinmaak.

NAALDWERK

Sonia Jacobs,vroeër ‘n paneelbeoordeelaar van Petrusburg wys ons in ‘n You Tube video stap vir stap die fynere kunsies van netjiese naatafwerkings en hoe om jou eie skuinsband te maak. Fichardtparktak het ‘n uitstalling van gehekelde mandalas.

LEEFSTYL

Dr Karl Venter het Jacobsdaltak kom toespreek oor leefstyl keuses en selfmedikasie. ‘n Plaaslike sanger, Gerald Louw, het die vergadering vermaak met sy musiek.

Lucy van Vuuren van Luvane Bootcamp in Bloemfontein het die dames inspireer met n virtuele oefenprogram en Esmé Viljoen, geregistreerde dieetkundige het almal aangevuur om ‘n sinvolle keuse te maak met jou leefstyl – die besluit is net jou eie.

Carina Sutherland, dieetkundige, het lede toegespreek om die beste keuses met eetgewoontes te maak. Sy het baie op kaloriewaardes van verskeie kossoorte gekonsentreer.

FONDSINSAMELINGS

By twee geleenthede het die VLU-tak van Jacobsdal ‘n marktafel gehad waar hulle vir hul eie sak fondse kon verdien. So is daar geleenthede geskep vir lede omhul ledegeld bymekaar te maak. 10% van hul inkomste is afgestaan aan die tak.

Tydens die NG Kerj se Gesinsfees het 9 lede het deelgeneem en ‘n totaal van R1739 verdien en tydens ‘n Gholfdag by Magersfontein Gholflandgoed het 5 lede het deelgeneem en ‘n totaal van R3466 verkoop.